## Luiperds Bestuursopleiding– en Streeksbestuursvergaderingkamp.

Ons bestuur het besluit om sommer twee vlieë met een klap vroeg in 2011 te slaan en dié twee geleenthede af te handel met ‘n kamp te Barham Bay.  Na al die baie reën die laaste paar weke was dit omtrent ‘n tameletjie om te besluit watter pad Witbank toe die  minste slaggate het en het ons uit drie verskillende rigtings darem almal veilig daar aangekom.  Nadat ons opgeslaan het, het Chris Delport van Dagbe-stuur en ons voog, en Ansie by ons aangesluit. Gou het die ketel gekook en het Vinkie ons op haar Hertsoggies en ander tuisgebakte koekies trakteer.

Vrydagaand het ons heerlike boereworsrolle gemaak en daarna met ons Streeksbestuursvergadering vir Januarie afgeskop. André het sommer Boekevat en die opening van die vergadering saam gedoen. Die terugvoer wat ons van ons baie geslaagde Kerskamp en die uitdeel van die geskenke en partytjie by Huis Betsie Louw gekry het, was net positief  en ons is baie dankbaar vir almal se bydraes en hulp om ons  Dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir al ons voorregte, op ‘n praktiese wyse te kon bewys. Nadat die ander punte op die agenda afgehandel is, was dit tyd vir  opleidingssessie 1.



**Chris en André het die opleiding op ‘n informele manier hanteer**

André het vir elkeen ‘n lêer met uittreksels van al die inligting wat ons sou behandel, uitgedeel en vir sommiges het dit amper soos eksamenskryf gevoel toe ons dit vir die eerste keer onder oë gekry het.  Gelukkig was ons ander nog met vakansie en was ons breine ontvanklik vir al die inligting wat sou volg.



**So , moet ‘n man mos kamp!**

Ons het met die Organisasie Samestelling begin en Chris het ons ’n bietjie meer van elkeen op die Dagbestuur en hulle portefeuljes vertel.  Met die foto’s voor ons en die inligting wat ons gekry het, het dit gevoel of ons hierdie mense sommer baie beter leer ken het.  Baie dankie Chris vir jou aandeel om ons nuwe bestuurslede touwys te maak! Ons weet ook nou dat daar 39 SAWA streke en 5 satelietstreke is en watter dorpe onder elke streek val.



**Die skropvrouens kon net nie ophou skrop nie**

Hierna is die aantal lede, hoe hulle verkies word, hul pligte en verantwoordelikhede, en aantal vergade -rings per jaar van die Streekbestuur, Gebiedsbe-stuur  ,Nasionale Uitvoerende Bestuur, Dagbestuur en Kongres behandel.  Dit was genoeg vir een dag en kon ons die res van die aand ’n bietjie gesellig verkeer.

Saterdagoggend het Johan, André, Dirk en Jan (ja die manne, nie die dames) gou ’n draai by die winkels gaan maak.  Met hulle terugkoms het ons

'n heerlike ontbyt berei en met ons innerlikes versterk, was dit tyd vir opleidingssessie 2!

Al die sake rakende Streeksadministrasie is vir die volgende twee en 'n half ure in detail met ons behandel, van die AJV tot en met voorraadbeheer en bestellings. Ons het afgesluit met Toekennings en Merietes, hoe dit verwerf kan word, wanneer en waarvoor elke toekenning staan. Nadat ons die streeksplaatjiesvoorbeelde gesien het, het ons sommer op Chris se woonwadeur na die Nasionale toe-kennings gaan kyk hoe lyk die verskillende grade van toekennings. Na 440 kampe en baie jare op bestuur is die deur 'n bewys daarvan!



**Tussen die opleiding deur is daar lekker gekuier**

Dit was 'n magdom van inligting wat ons die naweek deurgegaan het en ek dink nie ons sal alles onthou nie, maar gelukkig het elkeen nou 'n



**Musiek doen wondere vir die siel!**

lêer en kan ons dit altyd weer gaan naslaan. Baie dankie André vir al jou moeite om hierdie kamp vir ons moontlik te kon maak. Ons waardeer al jou harde werk en weet nou meer wat van ons verwag word en hoe alles inmekaar steek.

Die res van die middag het ons lekker saam gekuier en het party gou 'n uiltjie gaan knip. Net toe ons die braaivleisvuur aansteek, het daar 'n storm en vreeslike wind oor die dam aangekom. Gou moes ons die stormtoue span en moes die manne onder twee strandsambrele die reën trotseer om die vleis gaar te kry. Die reën was tot vir 'n muis te erg en het hy in ons lapa kom skuiling soek, tot groot konsternasie van die dames. Hy't baie lekker gekuier want nadat Johan hom 300 meter weggeneem het, het hy later die aand weer teruggekom! Na ete het dit opgeklaar en kon ons 'n lekker houtvuur pak en saamsing en musiekmaak tot kwart voor 12, 'n rekord vir André om wakker te bly!

Na 'n nag se lekker rus het Jan vir ons die afsluiting waargeneem en 'n baie leersame boodskap gebring.

Ons het Sondagoggend met sagte reën opgestaan en gehoop dat dit tog net vir 'n rukkie sou ophou dat ons kon oppak, maar helaas, dit het nie gebeur nie en na 'n heerlike "moerbei-ontbyt" moes ons maar so nat, nat afslaan.

Baie dankie span vir 'n heerlike naweek en lekker gees.

Luiperdgroete
Cecile Bosch

Ns: Chris en Ansie dit was 'n voorreg om julle by ons eerste opleidingskamp te kon hê!!



**Ja, Juffrou was ook daar!**



**Chris, jy het darem 'n mooi t-hemp aan!**